

Voorsittersrede 2012

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns – ons betree die 21ste eeu

Prof WAM Carstens, Voorsitter SA Akademie vir Wetenskap en Kuns,
Pretoria, 21 Junie 2012

Dames en here!

In 2009 was die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n volle 100 jaar oud en destyds in 2009 is baie besin oor die bydrae van die Akademie tot die SA samelewing, veral in die boek van prof Pieter Kapp, te wete *Draer van 'n droom* (2009). Vanjaar is ons reeds in die 103de jaar van die Akademie se bestaan en dit maak sin om weer te besin oor waar ons ons hier in die 21ste eeu bevind.

Hierdie keer het ons nie weer so 'n unieke boek soos *Die draer van 'n droom* nie, maar wel 'n ander boek, ook oor die geskiedenis, wat later vanaand hier bekend gestel word. Prof Fransjohan Pretorius gaan net hierna meer oor hierdie boek sê en oor die rol wat lede van die SA Akademie gespeel het om dit tot stand te laat kom.

Ek gaan nie vanaand vir u 'n geskiedkundige oorsig gee oor die ontwikkeling en groei van die SA Akademie nie. Ek wil eerder fokus op die uitdagings van vandag, van die 21ste eeu waarin ons ons nou bevind. U weet almal wel dat die Akademie sedert 1942 formeel bekend staan as die ***Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns***. Twee fakulteite is

toe in die lewe geroep, naamlik een vir geesteswetenskappe en een vir natuurwetenskappe. Hollands het toe uit die statute van die Akademie verdwyn en die hoofdoel van die Akademie was sedertdien die bevordering van die Afrikaanse taal, lettere en kuns en die wetenskap in al sy fasette. Natuurlik het die Akademie ook oor jare verder aangepas om tred te hou met die behoeftes van die gemeenskap wat dit bedien. Die struktuur is verfyn tot waar ons vandag 'n glad funksionerende Akademie het wat onder beheer staan van 'n Raad – waarvan die struktuur oor die jare ook goed geskaaf is sodat ons vandag 'n waarlik effektiewe bestuurstelsel het.

Die Akademie het sonder twyfel 'n groot rol gespeel in die vestiging en uitbou van Afrikaans, o.a. deur die opeenvolgende uitgawes van die AWS (waarin die veranderende Afrikaanse taal sorgvuldig opgeteken en bereël is), die woordeboeke wat oor die jare onder die vaandel van die Akademie saamgestel is, die ontwikkeling van terminologieslyste oor 'n breë spektrum, die studiestukke oor Afrikaans as taal, die deelname aan talle gesprekke oor die taal en die talebedeling in Suid-Afrika, ook die SA ná 1994.

Die Akademie was ook aktief betrokke by die uitbou van die wetenskap in SA, maar hy het dit in Afrikaans gedoen. Die Akademie ken pryse toe vir uitnemende prestasie (soos die pryse wat moreaand en op 12 September vanjaar op Stellenbosch toegeken word), die Akademie se twee tydskrifte publiseer in Afrikaans en bied hierdeur vir Afrikaanssprekende navorsers die geleentheid om hulle navorsing in Afrikaans bekend te stel, die Akademie se jaarvergaderings en simposiums gee geleentheid vir navorsers om in Afrikaans verslag te doen oor dit waarmee hulle besig is.

Ten spyte van die feit dat ons in 'n wêreld is waar Engels die taal van die akademiese wêreld is, is die Akademie steeds daar vir Afrikaanssprekende navorsers, kunstenaars, skrywers – vir alle presteerders in Afrikaans. Die status van 'n Akademiesekroning is daar vir almal om te sien – om deur die Akademie bekroon te word (juis omdat die Akademie so op uitnemendheid en gehalte ingestel is), is vir talle vereerdes die hoogtepunt van 'n loopbaan. U moes die vreugde gesien het van kunstenaars soos Al Debbo, Fanus Rautenbach, David Kramer, Anton Goosen, en andere toe hulle eeufeesmedaljes ontvang het tydens die eeufeesvierings in 2009 in Bloemfontein. Erelidmaatskap van die Akademie is 'n gesogte item op die CV's van talle persone. Die aand toe Mimi Coertze so 'n paar jaar gelede haar erelidmaatskap tydens 'n byeenkoms op Stellenbosch ontvang het, was wonderlik om te aanskou – sy het spontaan in haar pragtige stem begin sing oor haar soetste taal, Afrikaans! Die dankbaarheid van legendes soos Anton Rupert, FW de Klerk, Jakes Gerwel en talle ander was opvallend toe hulle erelidmaatskap ontvang het. Natuurlik het die Akademie ook mense oorgeslaan wat lankal bekroon moes gewees het, en hopelik slaag ons met vanjaar se bekroning aan prof Adam Small daarin om dinge reg te stel.

Wat probeer ek dus vir u sê?

Dat dit 'n voorreg is om steeds by die aktiwiteite en strewes van die SA Akademie betrokke te wees! Prof Hennie van Coller het in 2009 in Bloemfontein tydens sy rede as uittredende voorsitter van die Akademie gesê dat uitnemendheid, gehalte en integriteit geen rakleefyd en vervaldatum het nie en dat die strewe daarna ook nooit gedateerd sal raak

nie. En dat dit ook die blywende indruk is wat jy oorhou van die SA Akademie se eerste eeu as jy prof Pieter Kapp se bg. geskiedenisboek onder oë gehad het. Dit gee blyke van die onvermoeide strewe om Afrikaans (aanvanklik Afrikaans-Hollands) te vorm tot 'n werktuig, 'n werktuig waarin die mees ingewikkelde wetenskaplike eksperiment trefseker beskryf kan word, maar ook die taal waarin die diepste gevoelens verwoord kan word.

Dit is in prof Van Coller se woorde

"niks minder nie as 'n wonderwerk dat 'n taal wat kwalik 'n eeu gelede geringskattend 'kombuistaal' genoem is, omskep kon word tot 'n taal waarvan al die hoër funksies ontwikkel is: as taal van die wetenskap, van die regbank, die politiek, die preekstoel en die media. Maar ook die taal van 'n letterkunde wat in die bestek van nie veel meer as 'n honderd jaar nie, werk kon lewer van die allerhoogste orde."

Ons vier dus vanaand opnuut hierdie prestasie van die Akademie wat bewys gelever het dat jy kan oorleef én 'n konkrete bydrae tot jou land kan lewer as kwaliteit en voortreflikheid jou uitgangspunte is. Dus: dankie aan u wat almal reeds lede van die Akademie is en op u eie unieke manier in u vakgebied volhou om hierdie ideaal van voortreflikheid na te streef.

Hoe lyk die situasie vorentoe?

103 jaar lê agter die rug. Ons is ook in 'n nuwe SA waar die bydraes van Afrikaanssprekendes nie altyd na waarde geskat word nie. Dis maklik om 'n terugtrek- of selfs laertrekmentaliteit te ontwikkel en daar op jou eie hoekie

te sit en broei en te wroeg. Die SA Akademie gaan dit nie doen nie – ons gaan volhou om steeds deur die kwaliteit van ons bydraes die land te dien. Dit doen ons deur vol te hou om onbeskroomd in Afrikaans te presteer, want ons grondwet gee ons die reg daartoe. Dat wel ons nie te alle tye met 'n taalvriendelike (of eerder Afrikaans-vriendelike) regering te doen het nie, is ook 'n feit waarmee ons moet rekening hou. Voorbeelde daarvan is legio en ek noem slegs drie: die bedroewende NALN-sage, die voetesleep met die implementeer van die Nasionale Talewet en die druk op hoërondewysinstellings. Ons word egter nie hierdeur ontmoedig nie en gaan voort om ons te beywer vir die reg om in hierdie land te wees en te werk. Afrikaanssprekendes speel 'n belangrike rol in die land en is verteenwoordig in politieke raadsale, geregshowe, in die media, in die ekonomie, in die wetenskap. Daarmee gaan ons volhou.

Die Akademie sal vorentoe indringend moet besin hoe hy hom nog meer betrokke kan maak by kernvraagstukke in die land, soos armoede in Afrikaanse gemeenskappe, gebrekkige onderwys op feitlik alle vlakke, swak funksionerende gesondheidsdienste, 'n regbank wat begin vou onder politieke druk, 'n swak funksionerende staatsdiens (voorbeeld hoef ek seker nie te noem nie...), dalende geletterdheidsvlakke, ens. Dit sal te alle tye vanuit 'n akademies verantwoorde standpuntinname gedoen word. Dit is wonderlik om te hoor wat Akademielede reeds in hierdie verband doen in die gemeenskappe waar hulle woon en werk – 'n voorbeeld is die werk van prof Andries Stulting van UV en sy span wat gereeld gratis katarakoperasies doen regoor SA en in Afrika. Die verskil wat dit maak aan die lewenskwaliteit van mense is ongelooflik! Akademielede doen navorsing oor orgaanoorplantings, oor medisinale gebruike van plante, oor

watergebruik en waterkwaliteit, oor ekonomiese tendense, oor voedselgebruik, oor ingenieursprojekte, oor vigs, oor geletterdheidsprobleme – daar is te veel terreine om hier te noem. Ons stel op hierdie wyse ons **kundigheid** beskikbaar in die oplos van probleme in hierdie land. Ons staan dus nie weg van die skete van die land nie, maar dien die land deur dit waarmee ons die beste is – ons *kundigheid* – baie beslis die land,. Niemand kan dit ontken nie.

Laastens, wat lê vir ons voor?: Uitdagings op die pad

Die SA Akademie was in die tydperk sedert Julie 2011 besonder aktief. Ek noem enkele sake uit die jaarverslag wat vandag voorgelê is.

- Ons het bykans 1 000 lede. Almal is ongelukkig nie so aktief soos ons sou wou hê nie, maar ons werk saam met die werkgemeenskappe daaraan. Ongelukkig het ons ook vanjaar 'n aantal lede aan die dood afgestaan.
- Ons het vanjaar heelwat nuwe lede bygekry, maar daar is nog ruimte vir groei.
- Ons twee tydskrifte (wat beide verlede jaar al 50 jaar bestaan het) funksioneer altwee goed en van die inisiatiewe om oop toegang tot die inhoud van die tydskrifte te gee, en ons tydskrifte sodoende meer internasionaal toeganklik te maak, begin positiewe dividende lewer.
- Ons bekroon vanjaar weer 'n hele aantal persone vir hulle bydrae tot die uitbou van die Afrikaans en die wetenskap in SA.
- Die Taalkommissie het begin met die werk aan wat uiteindelik 'n e-grammatika vir Afrikaans moet wees. Borge word hiervoor gesoek...

- Ons studentesimposiums het weer goed verloop. Tydens die interdisiplinêre simposium vir nagraadse studente in die natuurwetenskappe het daar in Oktober 2011 die totaal van 33 studente hulle voordragte in Afrikaans gelewer. So begin ons bou aan die volgende geslag natuurwetenskaplikes in Afrikaans.
- Talle plakkate van bekende Afrikaanse skrywers is landwyd versprei en dit is veral gewild in skole.
- Die *Kunstewoordeboek Afrikaans – Engels* is ná tien jaar deur 'n klein span kunskeners voltooi. Publikasie is in proses.
- Die SA Akademie was aktief betrokke by die aktiwiteite van die Afrikaanse Taalraad (ATR) en op hierdie wyse kon die Akademie hom vestig as een van die hoofrolspelers in die Afrikaanse huishouding.
- Die Letterkundekommissie het vanjaar vir Breyten Breytenbach voorgedra as kandidaat vir die Nobelprys vir letterkunde.
- Ons kommissies funksioneer almal goed op hulle onderskeie terreine.
- Die meerderheid werkgemeenskappe was aktief in die loop van die jaar.
- Die kantoor het vanjaar met min personeel weer eens uitstekend gefunksioneer.

As nuwe voorsitter het ek 'n paar doelwitte gestel van wat ek in my termyn graag sou bereik:

- Dat die SA Akademie se **stem** oor sake van belang weer in SA gehoor word. Dit gaan hier veral oor ons stem wat daarop ingestel is om op grond van ons kundigheid 'n verskil in SA te maak. Gee dus

gerus die sake aan die kantoor deur waaroor u dink ons 'n meningstuk moet formuleer. So het die Onderwyskommissie al vanjaar 'n belangrike verslag uitgebring oor die groen skrif op hoër onderwys.

- Dat die Akademie moet **internasionaliseer**. Ons werk tog in wyer sferes as net die plaaslike.
- Ons grootste uitdaging vorentoe is om van hierdie organisasie een te maak wat volledig *inklusief* van die sprekerskorps van Afrikaans is, waar die bindende faktore Afrikaans, sy hoë funksies en die wetenskap in Afrikaans is. Maar waar gehalte en uitnemendheid ononderhandelbaar is.

Die Raad het in Mei vanjaar 'n strategiese sessie gehou waartydens daar deeglik oor hierdie doelwitte asook ander sake van belang besin is. Enkele punte van terugvoer hieruit is die volgende – van hierdie sake verg nog baie werk, maar dit gee reeds aan u 'n aanduiding van dit waarmee die Raad tans besig is:

- Die hoofdoelstelling van die SA Akademie is effens aangepas om die werklikheid van vandag te weerspieël:
 "Die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en die gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika."
- Ons moet betrokke raak by aksies om die gehalte van Afrikaans te bevorder. 'n Voorbeeld hiervan is ons planne om 'n nasionale spelkompetisie aan die gang te kry.

- Ons moet vinniger op aktuele sake reageer. Eerder pro-aktief as reaktief.
- Die SA Akademie se lede moet hulself meer sigbaar maak.
- Ekself, die ondervoorsitter en die HUB was betrokke by gesprekke met die ANC op 8 Mei vanjaar. Tydens hierdie geleentheid het ek aangebied dat die kundigheid van die lede van die SA Akademie benut word in die oplos van probleme in hierdie land. Die SA Akademie gaan nie eenkant staan en kritiseer nie (ons gaan ons natuurlik nie daarvan weerhou as dinge skeef loop nie), maar ons gaan konstruktief betrokke raak by hierdie land en sy mense. So byvoorbeeld gaan van ons die Social Cohesion Summit van die ANS volgende week in Soweto bywoon.
- Ons beplan om 'n fondswerwer aan te stel om ons te help met die verkryging van fondse om ons langtermyn-toekoms te verseker. Ons versoek Akademielede om dit asb. te oorweeg om in hulle testamente ook die SA Akademie te betrek.
- In die lig van sekuriteits- en onderhoudsprobleme word die posisie van Engelenburghuis as hoofkantoor van die SA Akademie tans ondersoek. Wees gerus – ons sal glad nie oorhaastige besluite neem nie! Dit sal met deeglikheid en met baie insette van kundiges gepaard gaan. Die hulp van oudvoorsitters van die SA Akademie word ook hiervoor ingespan.

- Die Akademie se krag lê daarin dat hy as 'n nieregeringsorganisasie sy teenwoordigheid kan bly handhaaf en terselfdertyd sy onafhanklikheid kan behou. Die Akademie moet nie van ASSAf afhanklik wees om sy sake te bedryf nie. Hy moet sy eie netwerk opbou en rustig voortgaan met sy wetenskaplike werk. Die buitewêreld neem wel kennis van wat die Akademie doen. Die Akademie sal dus met ASSAf saamwerk waar moontlik, maar sal ook op eie bene bly staan. Die Akademie presteer op sy eie gebied en ASSAf op syne. Ons kan mekaar wedersyds aanvul en daaroor gaan ons gesprekke voer.
- Ons internasionalisering sinisiatiewe – veral met die Lae Lande as vertrekpunt, maar ook met Akademies in ander lande waarby ons lede betrokke is. Die kwessie van “Vriende van die Akademie” gaan indringende aandag vanjaar kry sodat dit so gou moontlik geïmplementeer kan word.
- Ons verbeter ook ons interne kommunikasie met die lede via ons e-nuusbrief – waarop ons baie goeie terugvoer gekry het.

Ek rapporteer dus aan u dat die SA Akademie se leisels stewig vasgehou word en dat die Raad hard werk om die doelwitte van die SA Akademie te verwesenlik. Die Akademie word in hierdie proses beskou as dié liggaam word hom uniek beywer vir die behoud van Afrikaans se hoë funksies, in die besonder die hoë funksies deur die beoefening van die wetenskap in sy wydste beskouing in Afrikaans. Daar is dus 'n plek vir die Akademie en sy lede in SA.

Dankie dat u hierdie geleentheid vanaand bywoon. Dankie ook by voorbaat vir u teenwoordigheid by die res van ons verrigtinge more en more-aand. Kom geniet nou die res van die aand saam met ons.

Voordat ek afsluit, wil ek net graag hulde bring aan ons uittredende HUB, prof Jacques van der Elst, wat die afgelope sewe jaar in die diens van die SA Akademie was. Hy het in sy termyn op verskeie vlakke 'n enorme verskil aan die aktiwiteite, bedrywighede, bestuur en finansies van die SA Akademie gemaak. Prof Jacques, ons eer jou! En saam hiermee verwelkom ons ook ons nuwe HUB, dr Dione Prinsloo. Mag sy 'n besonder produktiewe termyn hê!

Baie dankie!

Bronne

Kapp, PH 2009. *Draer van 'n droom*. Hermanus: Hemel en See.

Pienaar, EC 1943. *Die triomf van Afrikaans*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Van Coller, HP 2009. Voorsittersrede tydens eeufeesvierings in Bloemfontein Junie 2009.

19/06/2012